


SKA NUUS VIR DIE NOORD-KAAP

Groot doelwitte vir 2013

Teen die einde van die jaar behoort die eerste MeerKAT-skottel in die Karoo opgerig te wees. Om dit te kan laat gebeur, moet daar gedurende 2013 nog 'n hele klomp werk aan infrastruktuur en geboue gedoen word.

Doelwitte vir 2013 sluit in:

- Voltooiing van nuwe landingstrook, netwerk van paaie en lê van elektriese en optiese veselkabels by die SKA-terrein, sowat 100 km vanaf Carnarvon
- Voorbereiding van fondasies vir die eerste MeerKAT-antennas
- Voltooiing van werksinkels en kantore by Klerefontein
- Bou en afhandeling van die skuur waar die MeerKAT-antennas vervaardig gaan word, asook die datasentrum en aanliggende kragvoorsieningsgebou vir MeerKAT
- Verdere werk aan elektriese en elektroniese infrastruktuur en bekabeling in verskeie geboue
- Voltooi die ontwerpwerk op die skottels; asook vervaardiging/verkryging van komponente vir skottels
- Vestiging van skottelkontraakteur op terrein en oprigting van tydelike behuising
 - Installering en toets van eerste skottel



So lyk die ontwerp van die nuwe MeerKAT-skottels. Altesaam 64 van hierdie skottels – elkeen 19 m hoog en 13,5 m in deursnee – gaan by die SKA-terrein, sowat 100 km vanaf Carnarvon, opgerig word. Hulle gaan in 'n groot skuur op die terrein vervaardig word. Die eerste skottel behoort reeds voor einde 2013 in plek te wees.

Carnarvon Hoër bied tuiste vir toekomstige wetenskaplikes

Twintig skoliere van Williston, Van Wyksvlei en Carnarvon is deur Suid-Afrika se SKA-projek genooi om hulle hoërskoolloopbane op Carnarvon, by die plaaslike hoërskool, voort te sit. Hulle het almal goed presteer in wiskunde en wetenskap in graad 7 of 8. Dié leerders, wat vanjaar in graad 8 of 9 is, sal beurse ontvang om te help met skoolgelde en sal in die skoolkoshuis gehuisves word.

“Dit is deel van ons projek om belowende jong wetenskap- en wiskundetalent in die Noord-Kaap te identifiseer en ontwikkel,” verduidelik Daphney Legkwathi van SKA SA. “Ons gaan hard probeer om vir hulle verrykingsgeleenthede, byvoorbeeld ekstra wiskundeklasse, wetenskapkampe en deelname aan wetenskapspo's, te organiseer.”

“Ons hoop dat hierdie skoliere ons oor 'n paar jaar gaan verras met uitstekende matriekuitslae, en dat hulle moontlik in die toekoms beurshouers van die SKA SA Projek kan word wanneer hulle op universiteitsvlak verder gaan studeer.”

Die groep graad 8 en 9 leerders wat vanjaar hulle studies by Carnarvon Hoërskool begin met ondersteuning van die SKA SA-projek, saam met sommige ouers en leerkragte by dié skool.

Stuur gerus enige vrae of voorstelle vir “SKA Nuus vir die Noord-Kaap” aan Pieter Snyman. Skakel hom by 053 382 5905 gedurende kantoorure of stuur 'n epos aan psnyman@ska.ac.za



SKA SA werk saam met Noord-Kaap gemeenskap

“Daar is goeie samewerking tussen die SKA-projek in die Noord-Kaap en inwoners in die gebied rondom die SKA-terrein,” sê Tracy Cheetham, wat die oprigting van infrastruktuur by die SKA-terrein in die Karoo bestuur. “Ons skakel deurlopend met alle betrokke gemeenskappe en Agri Noord-Kaap en gebruik elke moontlike geleentheid om verhoudinge uit te bou – byvoorbeeld tydens kongresse van Agri Noord-Kaap.”

Die stof wat gegeneer word deur die provinsiale grondpad wat na die SKA-terrein lei, geniet tans aandag. Daar word ook deurlopend gekyk na die onderhoud van grensdrade en die beheer van probleemdiere en plaë.

’n Belangrike projek wat nou aandag moet kry, is die implementering van die “Astronomy Geographic Advantage Act” (Wet 21 van 2007). Hierdie wetgewing beskerm groot gedeeltes van die Noord-Kaap tot voordeel van sterrekundige navorsing. Die volledige wetgewing is beskikbaar op SKA SA se webblad by http://www.ska.ac.za/download/aga_act.pdf

Daar sal verskeie geleenthede vir openbare deelname wees en gemeenskappe sal die geleentheid kry om kommentaar te lewer en vrae te vra. Die proses sal deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie bestuur word.



Die Fouries is al 32 jaar gelukkig getroud en ondervind geen probleem om saam te werk nie. “Dis vir ons twee ’n wonderlike voorreg om so te kan saam wees en mekaar te kan ondersteun in ons onderskeie beroepe,” stem hulle heelhartig saam. (Dawie het hierdie foto self geneem!).

Dis ’n voorreg om saam te werk by SKA SA!

Reeds vyf jaar op Carnarvon en nog nie ’n dag spyt dat hulle hierheen verhuis het nie – dis Dawie en Amanda Fourie wat beide sedert 2008 vir die SKA SA

Projek werk. Dawie is terreinbestuurder en Amanda is verantwoordelik vir die projek se huishouding. Dawie is ook ’n kranige fotograaf en help gereeld om mylpale van die SKA-projek in die Karoo op film vas te lê.

“Ons het die projek sien groei van niks tot waar dit nou is,” sê die Fouries. “Ons geniet elke dag en het verlief geraak op die Karoo en die rustige lewe hier.” Al is hulle ver van hulle kinders, familie en vriende, is hulle nie bang vir die langpad nie en gaan kuier gereeld oor naweke.


Dawie is op Jan Kempdorp gebore en het in die Laeveld en Pretoria grootgeword, terwyl Amanda in Port Elizabeth gebore is en haar skooljare op Uitenhage deurgebring het. Hulle het in 1979 in Pretoria ontmoet en is in 1981 getroud. Hulle dogter, Natasha (29), woon in die Vrystaat en hulle seun, David (25), in Kaapstad. Die appel van hul oog is hulle kleinkind, Wessel, wat pas vyf jaar oud geword het.

SKA-plakkers vir Afrika


Só lyk die ontwerp van die bufferplakkers en lisensieskyfhouers wat die SKA SA-projek op Carnarvon laat druk het. Dié plakker, ontwerp deur Henwill Kordom van Carnarvon, was een van die inskrywings in ’n kompetisie wat verlede jaar gehou is om te help om mense van die omgewing bewus te maak van die SKA-projek in die Karoo. “Alle motorregistrasies by die plaaslike munisipaliteit – hernuwings en nuwe registrasies – sal een van die plakkers en lisensiehouers ontvang,” verduidelik Pieter Snyman wat die kompetisie georganiseer het. Henwill se ontwerp is aangewys as die naasbeste in die volwasse kategorie.

Daar is altesaam 15 wenners aangewys: Eerste tot vyfde plek in drie kategorieë, naamlik laerskool, hoërskool en volwassenes. Hulle het verkoopsbewyse ontvang wat gewissel het van R500 vir eerste plek tot R100 vir vyfde plek.

“Search at night – a brighter tomorrow with SKA” was die slagspreuk van Catharina de Wee wat die eerste plek in die hoërskoolkategorie verower het.



Ameera Roman was die wenner in die laerskool-kategorie. Haar slagspreuk was “SKA: Tomorrow Awaits”.



Phillip van der Merwe wat tydens sy vakansie op Carnarvon van die kompetisie te hore gekom het, is as die wenner in die kategorie vir volwassenes (nie-leerders) aangewys. Sy slagspreuk lui: “Exploring universes – Our time and beyond”.

